



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**RELIGIESTUDIES V2**

**NOVEMBER 2021**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.
2. Beantwoord enige DRIE vrae.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Lees AL die vrae aandagtig deur.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.
7. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**GESLAGSGEBASEERDE GEWELD: MISHANDEL DEUR MANS**

Daar is 'n vreeslike siekte wat deur Suid-Afrika trek. Ons ken dit aan die amptelike naam daarvan: geslagsgebaseerde geweld (GGG). Maar dit begin nie eens om die verhaal van fisiese mishandeling en ander vorms van mishandeling waaraan vroue blootgestel word, te vertel nie. President Cyril Ramaphosa het verklaar dat GGG die nuwe nasionale ramp is waarvoor die land te staan kom, saam met die Covid-19-pandemie. Net in Junie is meer as 30 vroue en kinders doodgemaak in insidente waarby geslagsgebaseerde geweld betrokke was.

[Bron: <https://scrolla.africa>, deur Everson Luhanga vir Scrolla.Africa, 18 Julie 2020]

- |     |   |             |
|-----|---|-------------|
| 1.1 | Wat is <i>geslagsgebaseerde geweld</i> ?  | (2)         |
| 1.2 | In die uittreksel word fisiese geweld, soos stamp en aanranding van die slagoffer, genoem. Noem DRIE ander vorme van GGG en gee voorbeelde van ELK. | (12)        |
| 1.3 | Noem en verduidelik kortliks enige DRIE oorsake van geslagsgebaseerde geweld.   | (12)        |
| 1.4 | Noem en bespreek DRIE negatiewe gevolge van geslagsgebaseerde geweld op die samelewing.   | (12)        |
| 1.5 | Kies enige EEN godsdienst en bespreek die leringe daarvan teen geslagsgebaseerde geweld.  | (12)        |
|     |   | <b>[50]</b> |

**VRAAG 2**

- |       |   |             |
|-------|---|-------------|
| 2.1   | Met verwysing na die sentrale leringe van enige EEN godsdienst, bespreek <i>die aard van die wêreld</i> .                     | (10)        |
| 2.2   | Wat is die rol van <i>inspirasie</i> in godsdienst?   | (12)        |
| 2.3   | Noem en bespreek enige TWEE hermeneutiese beginsels.  | (8)         |
| 2.4   | Noem enige TWEE vertakkinge binne EEN godsdienst en tabuleer TWEE interne verskille wat bestaan onder die volgende opskrifte: |             |
| 2.4.1 | Verskille met betrekking tot leringe  | (12)        |
| 2.4.2 | Verskille met betrekking tot bestuur  | (8)         |
|       |   | <b>[50]</b> |

**VRAAG 3**

3.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Party godsdienste het dit minder moeilik gevind om hulle beskouings met die Oerknalteorie te versoen, maar almal van hulle is gedwing om hulle posisies te oorweeg. Daar kan selfs moontlik gesê word dat die wetenskap nou so magtig is dat dit mense se algemene denkpatrone voorskryf en dat godsdiens op die wetenskap moet reageer.

[Aangepas uit *Religion Studies, Grade 12, HC Steyn*]

3.1.1 Bespreek die wetenskaplike verduideliking van hoe die heelal ontstaan het. (12)

3.1.2 Met verwysing na die leringe van EEN Oosterse godsdiens, verduidelik hoe die heelal ontstaan het. (12)

3.2 Evalueer die reaksies van die volgende godsdienste op Darwin se evolusieleer krities:

3.2.1 Boeddhisme (8)

3.2.2 Christelike godsdiens (10)

3.2.3 Hindoeïsme (8)  
**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 Noem en bespreek die leringe van enige EEN sekulêre wêreldbeskouing. (12)

4.2 Bespreek die voordele en nadele van sekularisme op die samelewing. (16)

4.3 Noem enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het en bespreek die leringe daarvan onder die volgende opskrifte:

4.3.1 Aard van godheid (10)

4.3.2 Lewe na die dood (12)  
**[50]**

**VRAAG 5**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Histories gesproke was die verhoudinge tussen die godsdienste dikwels strydend. Baie oorloë is al gevoer oor godsdienstige verskille en in sommige dele van die wêreld gebeur dit steeds. Terwyl daar tydperke van intense konflik was, was daar ook tydperke van godsdienstige samewerking. In Suid-Afrika was daar al baie pogings deur godsdienstige leiers om vriendelike verhoudinge tussen verskillende godsdienste te ontwikkel.

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

- |     |  |             |
|-----|--|-------------|
| 5.1 | Verduidelik wat die Suid-Afrikaanse regering gedoen het om na die demokratiese verkiesing in 1994 vrede tussen verskillende godsdienste in die land te bevorder. | (10)        |
| 5.2 | Verduidelik die verskille tussen die <i>Program vir Christen-Moslem-verhoudinge in Afrika</i> en die <i>Raad vir Godsdienstige Leiers in Suid-Afrika</i> .       | (4)         |
| 5.3 | Maak 'n lys van SEWE prestasies van die Interfaith Action for Peace in Africa (IFAPA).   | (14)        |
| 5.4 | Bespreek die geskiedenis van die Parlement van die Wêreld se Godsdienste, van die ontstaan daarvan tot 2009.   | (10)        |
| 5.5 | Evalueer die doeltreffendheid van die Parlement van die Wêreld se Godsdienste.   | (12)        |
|     |  | <b>[50]</b> |
|     | <b>TOTAAL:</b>   | <b>150</b>  |